**Annette Jordaan**
Annette Jordaan is verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.
E-pos: annette.jordaan@up.ac.za

# Die 'moeilike reis': die skryf van 'n lewensverhaal oor 'n kontroversiële broer

## The 'difficult journey': the writing of a biography of a controversial brother

The essay reflects on the "difficult journey" undertaken when the essay writer was tasked to write the life story of her adoptive brother, the late lieutenant-general Lothar Neethling (1935–2005). His life story is a remarkable one: the author's parents adopted this German war orphan in 1948 in his early teens; he became an exceptionally well qualified scientist and at the age of 35 he became the head of the South African Police Force's forensic laboratory. The laboratory was instrumental in solving many crime-related cases during the period of National Party rule. Towards the end of 1989 newspaper reports implicated Neethling personally as the source of poison used against African National Congress activists. Although he ultimately won his case of defamation on appeal against these newspapers he was not exonerated unconditionally. The biographer reflects on her approach in writing his biography, the difficulties of balancing kindred loyalty, personal and collegial affinities and her objective to portray the life of a complex human being. **Keywords:** biography, German Children's Fund, German orphans, Lothar Neethling, Truth and Reconciliation Commission.

### Inleiding

Die biografie of lewensbeskrywing (van *bios* = lewe en *graphein* = skryf) is 'n genre wat reeds in die Klassieke en vroeë Christelike tyd bekend was. Die biografie behoort tot sowel die geskiedskrywing as die letterkunde. Dit beteken dat die skrywer van die lewensverhaal die waarheid omtrent sy subjek se lewe wil vertel, maar tog ook inligting selekteer en orden volgens literêre beginsels. Sidney Lee meen die voorkoms van die biografie as verskynsel spruit uit die mens se "commemorative instinct—the universal desire to keep alive the memories of those who by character and exploits have distinguished themselves from the mass of mankind" (Lee 71). Dit gaan dus om die beskrywing van 'n merkwaardige lewe wat só dan ook bewaar word.

In die eietydse biografie word nie net die lewe van groot leiers, uitvinders en kunstenaars soos beeldhouers, skilders, skrywers, digters en komponiste beskryf nie, maar ook dié van onder meer sporthelde, TV- en silwerdoekakteurs, sangers van populêre musiek, suksesvolle sakemense en ikone in die skoonheids- en modewêreld.



© Van Schaik Uitgewers

Tydskrif vir Letterkunde – 50.3 (2013)
DOI: http://dx.doi.org/1.4314/tv.v50i3.8

09 Jordaan 03.pmd 121 10/14/2013, 9:01 AM

Dit is waarskynlik so dat nie alle biografieë die toets van die tyd sal deurstaan soos die 1791-biografie van James Boswell oor die lewe van Samuel Johnson nie. Sommige lewensverhale is ingebed in ʼn bepaalde tydsgees en die (soms tydelike) verering van die subjek, maar sal nie noodwendig vir ʼn volgende geslag van belang wees nie. Biografieë in Afrikaans wat egter wel van belang behoort te bly solank die taal voortleef, is onder meer dié oor skrywers en digters wie se werk tot die kernletterkunde in Afrikaans behoort en steeds hoog gewaardeer word. Enkele voorbeelde is Leon Rousseau se 1974-biografie oor Eugène Marais, *Die groot verlange*, die biografieë oor Langenhoven (J.C. Kannemeyer, 1995). M.E.R. (J.C. Steyn, 2004), N.P. van Wyk Louw (J.C. Steyn, 1998) en Kannemeyer se biografieë oor Uys Krige, Jan Rabie, D.J. Opperman en Etienne Leroux.

**Die aanloop tot die Lothar-biografie**

Lothar Paul Neethling (in Duitsland Lothar Paul Tietz), ʼn Duitse oorlogsweeskind, kom in 1948 as deel van ʼn groep van 83 weeskinders uit Duitsland na Suid-Afrika deur bemiddeling van die Dietse Kinderfonds wat spesiaal vir dié projek in die lewe geroep is. Hy word deur dr. Chris Neethling en sy vrou, Annie (bekend as Niekie, ʼn noemnaam afgelei van haar nooiensvan Van Niekerk), van Pretoria aangeneem. Sowat agtien maande later word Chris en Niekie se eie dogter, (die skrywer van hierdie opstel), gebore. Sy ken Lothar dus van kleinsaf as haar broer, en hy bly ook haar enigste broer. Lothar trou op drie-en-twintig met ʼn Afrikaanse meisie, behaal twee doktorsgrade in chemie en word in 1970 (op vyf-en-dertig) hoof van die forensiese laboratorium van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP). ʼn Nuwe gebou word later vir die laboratorium in gebruik geneem en staan bekend as die LP Neethling-gebou.

Lothar vorder binne tien jaar ná sy toetrede tot die SAP tot die rang van luitenant-generaal en word ook bevorder tot adjunk-kommissaris. Hy geniet wêreldaansien as forensiese wetenskaplike en die werk van die forensiese afdeling word in Suid-Afrika en in die buiteland geloof. Talle misdaadsake word opgelos met behulp van onteenseglike bewyse wat deur die gesofistikeerde toerusting opgespoor word. Die bevindings van die forensiese laboratorium word deur geregshowe dwarsdeur die land aanvaar, en Lothar staan dikwels as ekspertgetuie in die hof.

Aan die einde van 1989 verskyn daar egter aantygings in sowel *Vrye Weekblad* as die *Weekly Mail* met die strekking dat ʼn eks-polisieman, oudkaptein Dirk Coetzee, te kenne gegee het dat hy tien jaar tevore slaapdruppels en gif by die forensiese laboratorium—en persoonlik van Lothar—ontvang het om ANC-aktiviste te bedwelm of selfs te vermoor. Volgens Coetzee het die slaapdruppels drie maal agtereenvolgend nie ʼn effek gehad nie en het hy uiteindelik sy slagoffers doodgeskiet.



© Van Schaik Uitgewers

09 Jordaan 03.pmd 122 10/14/2013, 9:01 AM

Lothar eis hierna vir naamskending en 'n lastersaak word in die Randse Hooggeregshof deur regter Johan Kriegler aangehoor. Lothar verloor die lastersaak, maar ongeveer drie jaar later slaag sy appèl in die Bloemfonteinse appèlhof en moet die twee koerante vergoeding betaal asook die regskoste dra. Dit lei tot die sluiting van die *Vrye Weekblad* en sterk uitsprake teen die regbank se beslissing en Lothar as persoon van die kant van Max du Preez, redakteur van *Vrye Weekblad*. Du Preez doen volledig verslag van die gebeure in sy boek, *Dwars—mymeringe van 'n gebleikte Afrikaan* (272–82). Lothar tree in 1992 uit die diens van die SAP; sy gesondheid verswak en na 'n lang stryd teen prostaatkanker en ander komplikasies sterf hy op 11 Julie 2005 in die ouderdom van nege-en-sestig.

Uit dié kort lewensoorsig moet dit reeds duidelik wees dat Lothar Neethling nie alleen 'n veelbewoë lewe gehad het nie, maar dat sy rol as polisieman en hoof van die SAP se forensiese laboratorium van 1971 tot 1992 van hom 'n omstrede persoon gemaak het. Hy is immers in die week ná sy dood weer eens deur Max du Preez in 'n koerantartikel in *Sunday Times* van 17 Julie 2005 beskryf as "general Lothar 'Doepa' Neethling" en as "a nasty individual".

Binne dié konteks het een van Lothar se oudkollegas 'n joernalis/historikus genader met 'n voorstel om 'n biografie oor Lothar te laat skryf. Skynbaar was daar etlike ander oud-kollegas wat die voorstel gesteun het. Hulle was van mening dat uitsprake soos die bogenoemde van Du Preez en die dikwels negatiewe mediadekking tydens die hofsake en daarná 'n verdraaide beeld van Lothar Neethling geskep het. Die gevoel was dat sy besondere bydrae tot die uitbou van forensiese polisiëring in Suid-Afrika en trouens sy menswees hierdeur onreg aangedoen is.

Die uitgewer, Theresa Papenfus van Litera Uitgewers, het van die voorstel verneem en oorweeg om dié uitdagende projek aan te pak. Die betrokke joernalis/historikus was aanvanklik bereid om die biografie te skryf, maar het hom op 'n later stadium onttrek. Hierna het Theresa Papenfus, wel wetende dat Lothar my aangenome broer was, my genader met die versoek om die lewensverhaal te skryf.

Ek het uiteindelik besluit om die taak aan te pak, hoofsaaklik omdat ek van mening was dat Lothar Neethling se lewe so merkwaardig was dat dit die vertel en bewaar daarvan noodsaaklik gemaak het. Andersyds het ek gemeen dat ek dit aan sy nagedagtenis en dié van ons ouers verskuldig was. Laasgenoemde standpunt het egter die gevaar ingehou van 'n té subjektiewe en emosionele benadering tot die gegewe en 'n ooglopende ophemeling van 'n geliefde broer. Só 'n benadering, het Theresa Papenfus gewaarsku, sou geloofwaardigheid in die weg staan en Lothar uiteindelik geen guns bewys nie.

## Die 'moeilike reis'

Die biografie met die titel *Lothar Neethling – 'n lewe vertel* is intussen voltooi en het einde Augustus 2013 verskyn. In die erkennings voor in die lewensverhaal word



© Van Schaik Uitgewers

die uitgewer soos volg bedank: "My uitgewer, Theresa Papenfus van Litera Publikasies, sonder wie se uitnemende diens, insig en aanmoediging ek hierdie moeilike reis nie kon onderneem het nie."

Waarom 'n "moeilike reis"? Dié vraag word reeds aan die begin van die lewensverhaal in die "woord vooraf" só omskryf:

> Hierdie vertelling word nie sonder huiwering aangepak nie. Al die feite van so 'n vreemde en terselfdertyd merkwaardige lewe is nie te agterhaal nie. Mens sou meer wou weet oor die eerste jare voor en tydens die oorlog [Tweede Wêreldoorlog], die kind se gewaarwordinge op pad na die nuwe land, die skeiding van sy broer Siegfried en sussie Edith/Lucille, die aanpassing by nuwe ouers en 'n nuwe taal en die bykans eerste skoolervaring. Daar is ook skrapse inligting oor die troebel jare (veral die 1980's) toe 'n laegraadse burgeroorlog in Suid-Afrika gewoed het tussen die toe nog verbode ANC se militêre vleuel en die veiligheidspolisie van die apartheidsregering.

Dit was van meet aan vir my duidelik dat dit 'n moeilike opgaaf sou wees: om die lewensverhaal te vertel van iemand so ná aan die skrywer, maar terselfdertyd 'n persoon oor wie mettertyd heelwat kontroverse ontwikkel het. Die enigste vergelykbare voorbeeld binne die Afrikaanse letterkunde waarvan ek bewus was, was Totius (J.D.du Toit) se 1917-biografie oor sy vader, S.J. du Toit, wat eweneens 'n omstrede figuur was.

Die meeste biograwe kies waarskynlik 'n subjek vir hulle biografie met wie hulle 'n bepaalde lewensiening of andersins dieselfde belangstellings of selfs ooreenstemmende persoonlikheidstrekke deel. Dit kom dus daarop neer dat die biograaf gewoonlik 'n bepaalde affiniteit vir sy subjek het. In hierdie geval sou dit egter meer as affiniteit wees: Al was ons nie bloedverwante nie, was Lothar vandat ek my verstand gekry het my enigste broer, die held na wie ek opgesien het en vir wie ek lief was.

Van die biograaf word verwag om sy subjek van alle kante te belig en hom selfs indien nodig te "verraai" in die soeke na waarheid. Dit was dus nodig om Lothar se verhaal so nugter en eerlik moontlik te vertel. 'n Hagiografie wou ek ten alle koste vermy. Ek was daarom genoop om selfs die mees negatiewe uitsprake van onder meer Max du Preez, regter Kriegler, die advokate van die koerante wat deur Lothar gedagvaar is en oudkaptein Coetzee in die biografie aan te haal.

Aan die ander kant wou ek, soos in die "woord vooraf" gestel, 'n vollediger Lothar Neethling toon as dié een wat in baie mediakommentare na vore gekom het. Hiervoor was dit nodig om sy familie, vriende, geesgenote en oudkollegas se vertellings oor Lothar in te sluit sodat die leser hom uiteindelik ook deur hulle oë sou sien. Dit is waar dat baie van dié kommentare oorwegend positief was. Daar is egter gepoog om ook sy gesin en vriende se minder gunstige uitsprake eerlik weer te gee.



© Van Schaik Uitgewers

Die keuse was vir 'n narratiewe vertelstyl aangesien die skrywer persoonlike kennis van die subjek gehad het wat die "vertel" van gebeure uit sy lewe in baie gevalle maklik gemaak het. Verder was die skrywer soms onvermydelik self deel van die verhaal. Daar is ook gesteun op ander "stemme" wat oor Lothar en hulle verhouding met hom vertel het en dus bygedra het tot die narratiewe styl. Ook wanneer op koerantverslae van byvoorbeeld die hofgebeure gesteun moes word, was dit steeds moontlik om dié styl te handhaaf—Lothar was die sentrale "karakter" in die hofdrama van elke dag.

Uiteindelik was dit nodig om met behulp van 'n enkele behoue dokument uit Lothar se kindertyd, 'n gesprek met sy reeds bejaarde suster, insette van gesinslede, vriende en oudkollegas en die kommentaar van rolspelers soos oudministers Adriaan Vlok en Pik Botha en antagoniste soos Max du Preez 'n eerlike, gebalanseerde lewensverhaal te probeer skryf. Enkele van dié aspekte word vervolgens belig.

**'n Behoue dokument uit die oorlogsjare: die familieboekie van die Tietz-gesin**

Die enigste dokument wat Lothar se eggenote, Juliette, beskikbaar gehad het oor die eerste jare van Lothar en die Tietz-gesin se lewe in Duitsland was die sogenaamde *Familienstammbuch* (familiestamboek) waarin die geboortedatums van die ouers, hulle huweliksbewyse (sowel burgerlik as kerklik), die geboortedatums van hulle sewe kinders en die sterfdatums van drie van die kinders asook dié van die moeder aangeteken en deur 'n amptenaar gestempel en onderteken is. Net die jongste kind, Reinhard, wat in 1945 oorlede is, se sterftebewys ontbreek. Ook die vader, Paul Tietz, se sterftesertifikaat ontbreek omdat hy nooit ná die oorlog met sy gesin herenig is nie. Enkele van sy besittings (onder meer 'n horlosie) is uit Warskou na die gesin toe gestuur. Paul Tietz het hier skynbaar siek geword en gesterf toe hy ná die oorgawe na sy gesin gaan soek het.

Die enkele behoue dokument, wat Lothar as oudste van die drie oorlewende Tietz-kinders in sy besit gehad het toe hulle in 1948 na Suid-Afrika gebring is, gee dus wel 'n beeld van die wel en wee van die Tietz-gesin tussen 1935 en 1945. Ook die dood van die moeder in 1947 kon daaruit afgelees word. Lothar se geboortegegewens en dié omtrent sy moeder se dood lui:

> Lothar Paul is op 29 Augustus 1935 gebore, voordat sy ouers getroud is. Die troudatum van Paul Tietz en Hedwig Schweika is volgens die rekords, wat deur die huweliksbeampte onderteken is, 3 Februarie 1936. Daar was dus eers 'n burgerlike troue, soos meestal die gebruik in Duitsland was, voordat die huwelik ook kerklik ingeseën is. Op die volgende bladsy is die trou-akte wat uitgereik is met die huweliksbevestiging op 29 Maart 1937 in die Evangeliese Hoofkerk in St. Marien (Elbing).



© Van Schaik Uitgewers

09 Jordaan 03.pmd 125 10/14/2013, 9:01 AM

En:

> Hedwig Tietz was 34 toe sy op 17 Maart 1947 oorlede is. Haar doodsertifikaat gee haar huwelikstaat aan as getroude vrou, haar kerkverband as evangelies en haar plek van afsterwe as Lauenburg/Elbe. Sy het tussen 1935 en 1945 sewe kinders in die lewe gebring, van wie net drie haar oorleef het.

Vervolgens het 'n gesprek met Lothar se reeds bejaarde suster, Lucille, asook verwysings na 'n vroeë koerantonderhoud met Lothar 'n meer persoonlike blik verseker.

**Lucille en Lothar oor die Duitsland-jare**

Lucille (Roux) is in Duitsland gedoop as Edith Catharina. Sy is gebore in die jaar waarin die Tweede Wêreldoorlog begin het en haar herinneringe aan dié jare het uiteraard vaag geword. Sy kan haar pa, wat sy waarskynlik in 1944 die laaste keer gesien het kort voor die vroue en kinders se vlug uit Elbing na Wes-Duitsland, beswaarlik onthou. Daar is egter enkele herinneringe oor die vooraand van die vlug voor die Russiese troepe uit en ervarings tydens die vlug wat sy kon oproep:

> Lucille het in ons gesprek nie na datums verwys nie, maar onthou tog iets van die aand voor die vlug. Mense het kom sê hulle moet gereed maak om die volgende dag te vlug. 'n Meubelwa sou hulle vroeg die oggend oplaai, en haar ma en tante mag net een tas elk saamgeneem het. Die vroue het die kinders aangesê om meer as een stel klere oor mekaar aan te trek. Lucille en haar niggies het gedink dis snaaks en lekker gelag. Sy weet ook dat haar ma swanger was, want sy sien nog soos gister hoe Hedwig 'n tassie uithaal en babakleertjies uit die laai daarin pak. Nog steeds wil sy huil oor haar ma wat niks behalwe die klein kleertjies wou inpak nie.

En:

> Van die vlug onthou Lucille veral die honger. Wanneer Lothar en Siegfried gaan kos soek het, het die res heeltyd angstig gewag om te sien of hulle iets eetbaars sou terugbring—hoofsaaklik rape wat op die lande oorgebly het, of miskien 'n paar aartappels wat hulle êrens kon afbedel. Vleis en ander proteïen was haas onbekombaar. Hulle het meestal in die ope lug geslaap. Sy kan nie regtig onthou dat sy baie bang was nie, maar toe hulle eenkeer in die daglig vliegtuie bokant hulle hoor, het hulle geweet daar is groot gevaar. Daar was 'n groot krater in die grond waar 'n bom juis voorheen geval het. Hulle moes haastig daarin afklim en op hulle mae lê soos dooies; dan sou die vyand nie weer 'n bom op hulle afgooi nie.



© Van Schaik Uitgewers

Lothar het in 'n onderhoud in *Die Transvaler* van 13 Desember 1958 (sy troudag) van sy eie herinneringe gedeel:

> Hoewel ek dit daardie tyd nog nie mooi besef het nie, gaan dit 'n mens se verstand te bowe hoe die Duitse vroue ooit op die lange duur teenstand teen die oneindige ontberings kon bied.
>
> Ons het slegs snags getrek. Bedags het ons in die woude geskuil, want die vliegtuie het altyd bo-oor ons gevlieg. As dit lig word, het ons stilgehou, bome afgekap en die voertuig gekamoefleer sodat die vliegtuie ons nie kon sien nie.
>
> Vuur durf ons nie gemaak het nie; die kinders het om kos gehuil en die moederharte het gebloei. Terwyl ons getrek het, het ons maar op die welwillendheid van die leër gelewe. Gekookte kos het ons nooit gesien nie behalwe die kere dat ons iets by die leër se veldkombuis gekry het. Die soldate het gewoonlik hulle deel van die rantsoen aan ons afgestaan.

**Die skep van konteks**

Die feit dat Lothar se eerste tien jaar, en veral sy vierde tot tiende jaar, tydens die Tweede Wêreldoorlog afgespeel het, het die skets van die aanleidende faktore tot en die verloop van oorlog noodsaaklik gemaak. Daarsonder sou die verhaal van onder meer die bogenoemde gebeure met die Tietze en ander se vlug uit Elbing na Lauenburg nie sin gemaak het nie. Om dié konteks te skilder, is gebruik gemaak van 'n hoofstuk uit 'n oorsigwerk van Marvin Perry oor die geskiedenis van die Westerse beskawing (463–80). Afgesien van 'n oorsig oor die aanvang en verloop van die oorlog, word ook spesifiek na die rol van Hitler verwys en die verskrikkinge tydens die Jode-uitwissing in die moordkampe.

Die konteks word verder versterk deur aanhalings uit Botting se werk, *In the Ruins of the Reich* (50–52), waarin die inval van die Russiese soldate in Berlyn en die verkragting van minstens 90 000 Duitse vroue, hoofsaaklik tussen 24 April en 3 Mei 1945 beskryf word. Daar word verder gesteun op die oorlogsdagboek van 'n anonieme Duitse vrou, 'n 34-jarige joernalis, wat self herhaaldelik die slagoffer van verkragting was. Die jong vrou (*A Woman in Berlin* 19–174) vertel ook van die honger waaraan sy en baie ander in dié tyd uitgelewer was, en van haar skok en afgryse toe sy teen die einde van die oorlog vir die eerste keer kennis geneem het van die Jode-uitwissing in die kampe in die ooste van die ryk: "My sole concern as I write these lines, is my stomach. All thinking and feeling, all wishes and hopes begin with food" en

> They say that millions of people—mostly Jews—were cremated in huge camps in the east and that their ashes were used for fertilizer. On top of that everything was supposedly carefully recorded in thick ledgers—a scrupulous accounting of death. We really are an orderly nation. Late in the evening they played Beethoven and that brought tears. Who can bear that at this moment?



© Van Schaik Uitgewers

Lothar se moeder en sy tante, wat met haar twee dogters saam met hulle uit Elbing gevlug het, was nie in dié tyd in Berlyn nie, maar die bedreiging deur die Russiese soldate wat aan die opruk was en ook die nypende hongerte waaraan hulle en hulle kinders deurentyd uitgelewer was, word deur die bostaande tekste onderskryf.

Konteks word ook geskets wat betref die rol van die sogenaamde Dietse Kinderfonds, 'n fonds wat in Suid-Afrika in die lewe geroep is met die spesifieke doel om Duitse weeskinders ná die oorlog na Suid-Afrika te bring. Volgens die vertelling van Eike de Lange was daar skynbaar groot geesdrif vir die gedagte, maar tog ook bedenkinge of die owerheid daartoe sou toestem (13–47). In sowel Suid-Afrika as in (Wes-)Duitsland was daar struikelblokke, sodat die idealistiese voorneme om 10 000 kinders te bring, nie werklikheid kon word nie. Uiteindelik is slegs 83 kinders gebring.

Ter wille van balans word in die lewensverhaal ook melding gemaak van die standpunt van een van die groep weeskinders, Werner van der Merwe (wat later sy Duitse van, Schellack, terug geneem het), wat in 'n onderhoud met Carien Fourie in *Beeld* van 10 September 1998 die projek van die fonds as 'n mislukking bestempel. Die belangrikste rede vir die mislukking is volgens hom die feit dat die 83 kinders wat uiteindelik wel gebring is, maar 'n druppel in die emmer was, gemeet aan die oorspronklike doel. Van der Merwe (1) het dié doel reeds in 1988 uitgespel in sy boek oor die koms van die Duitse oorlogsweeskinders na Suid-Afrika, naamlik dat die kinders veral gebring is om die blanke bevolking in Suid-Afrika getallegewys te versterk. Sou dit wel die belangrikste oogmerk van die fonds gewees het, moes Van der Merwe inderdaad gelyk gegee word. Daar word egter in die lewensverhaal daarop gewys dat Chris Neethling teenoor die skrywer genoem het dat die belangrikste doel van die Kinderfonds was om Afrikaners se "ereskuld" teenoor Duitsland te betaal vir steun en daadwerklike hulp tydens die Anglo-Boereoorlog. In die onderhoud met Fourie erken Van der Merwe dat die kinders in Suid-Afrika liefdevolle versorging van hulle aanneemouers ontvang het en oor die algemeen 'n sukses van hulle lewe in die nuwe land gemaak het.

**Chris Neethling en sy rol in Lothar se lewe**

Dit is as noodsaaklik beskou om ook in die lewensverhaal iets meer te vertel van dr. Chris Neethling, Lothar se aanneemvader, omdat dit uit Lothar se eie woorde duidelik was dat Chris van Lothar se dertiende jaar 'n baie belangrike rol as sy vader en mentor gespeel het. Lothar het onder meer as bruidegom op sy huweliksonthaal gesê een van sy grootse begeertes is om eendag beskryf te kan word as *a chip of the old block*. In 'n latere onderhoud met Elsa Krüger (in die rubriek "Onder vier oë", *Beeld,* Saterdag 6 April 1988) antwoord Lothar op die onderhoudvoerder se vraag oor wie die belangrikste rol in sy lewe gespeel het ná sy koms na Suid-



© Van Schaik Uitgewers

09 Jordaan 03.pmd 128 10/14/2013, 9:01 AM

Afrika dat sy pa, Chris Neethling, sy geestelike mentor was: "In terme van die geskiedenis en die volk het hy my gelei, oor die sentimente van die land."

Chris Neethling se agtergrond en inligting uit sy lewe word dus in die lewensverhaal vermeld. Daar word vertel van sy skoolopleiding in Engels, aangesien daar tydens sy skooljare (1906 tot 1918) nog geen Afrikaanse skole in Pretoria was nie, sy studiejare en die verwerwing van 'n doktorsgraad in Landbou-ekonomie aan Cornell-universiteit, in Ithaca in die deelstaat New York en sy huwelik ná sy terugkeer met Anna (Neethling-Pohl), die later bekende Afrikaanse toneelspeelster.

In die 1930's het Chris aktief betrokke geraak by die Ossewa-Brandwag (OB) en was later ook lid van die OB se weerstandsbeweging bekend as die Stormjaers. Die weerstand was teen die besluit van die toenmalige regering onder genl. Jan Smuts om Suid-Afrikaners te stuur om deel te neem aan die kant van die Geallieerde Magte (Engeland, Frankryk en ander) teen die Spilmoondhede (Duisland, Italië en Japan). Chris is in 1942 gevange geneem en ná 'n jaar in die gevangenis vir die duur van die oorlog in die Koffiefonteinse interneringskamp aangehou. Ná sy vrylating het Anna 'n egskeiding gevra. Chris is in Desember 1946 'n tweede maal getroud met Annie van Niekerk wat 'n geskiedenisonderwyseres aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool was.

Chris Neethling was in baie opsigte 'n dromer en idealis. N.P. van Wyk Louw verwys in briewe aan sy broer, Gladstone (die digter W.E.G. Louw), na sy (toenmalige) swaer Chris se onrealistiese drome soos die beplande staatsgreep teen die bewind van genl. Smuts.Terselfdertyd spreek hy sy bewondering uit. Jaap Steyn haal uit die briefwisseling aan:

> (11 Maart 1942) Ek het altyd gevoel dat hy volkome eerlik, onbaatsugtig is en dat hy meer van die ou egte Afr.—die Chr. De Wet-tipe—in hom het as ons ander. Hy kan miskien verkeerd oordeel en handel, maar daar is vir my iets groots en kragtigs in die man se persoonlikheid wat altyd 'n geweldige invloed op my uitoefen. (346–47)

**Die chronologiese 'feite' van Lothar se verhaal**

Behalwe vir die eerste dertien jaar van Lothar se lewe in Duitsland, kon daar vir die res van sy lewensverhaal eerstens gesteun word op vertellings wat sy aanneemma, Niekie, aan die skrywer van die biografie vertel het oor Lothar se eerste dag in Pretoria. Dit was die dag toe die kinders aan hulle aanneemouers toegeken is en die Neethlings besluit het om die 13-jarige seun aan te neem. Niekie het ook vertel van Lothar se eerste skoolervaring in Suid-Afrika toe hy kort ná sy aankoms in standerd 6 (nou graad 8) in die Afrikaanse Hoër Seunskool geplaas is en deur medium van Afrikaans die mas moes probeer opkom. Hy kon nie aan die einde van 1948 sy skooljaar slaag nie, maar Niekie het die skoolhoof, dr. Gert Potgieter,


©Van Schaik Uitgewers
09 Jordaan 03.pmd 129 10/14/2013, 9:01 AM

gevra om hom nogtans in 1949 'n kans te gee in standerd 7, en die versoek is voorwaardelik toegestaan. Daarná het Lothar elke skooljaar gemaklik geslaag. Dié vertelling word in die lewensverhaal ondersteun deur 'n e-posbrief van mev. Corrie Bosman, die weduwee van Lothar se eerste vriend in Suid-Afrika, Werner Schumann:

> Met Lothar se aankoms op die ouderdom van dertien jaar was sy eerste seunsvriend Werner Schumann. Die Neethling- en die Schumannhuis was 'n klipgooi van mekaar af in Andersonstraat, Brooklyn, Pretoria. Vanaf dag een maak Lothar kennis met die "boord" van die Schumanns en leer die seuns vinnig oor en weer die Duits en Afrikaans van perske, kweper, moerbei, siter, pruim, druiwe en suurlemoen. In die Afrikaanse Hoër Seunskool maak Lothar fenomenale vordering in al sy vakke deur medium van Afrikaans en hy en Werner bring as goeie maats hul hoërskooljare in "Affies" deur.

Lothar slaag ná vier jaar sy matriek in die eerste klas met Afrikaans, Engels, Duits, wiskunde, skeinat en geskiedenis as vakke. Sy onderwyser vir Duits was mnr. Fritz Ohlhoff. Mnr. Ohlhoff se seun, Heinrich, sou laterjare as professor in Afrikaans en literatuurwetenskap 'n hoog gewaardeerde kollega van die opstelskrywer in die departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, wees.

Niekie Neethling het van die begin van Lothar se lewe in Suid-Afrika plakboeke gemaak van artikels oor en onderhoude met haar seun, Lothar. Die plakboeke is bygehou tot kort voor Niekie se dood in 1994. In die erkennings voor in die lewensverhaal word gemeld dat dié plakboeke die taak van die skrywer aansienlik vergemaklik het.

Ná die hoërskooljare word vertel van Lothar se studiejare aan UP, sy kennismaking met Suid-Afrika se "nasionale spel", rugby, sy ontmoeting met Juliette, en die verloop van die hofmakery tot met hulle troudag aan die einde van 1958. Dan volg hulle vertrek na die VSA, Lothar se suksesvolle afhandeling van 'n PhD in Chemie op die Davis-kampus van die Universiteit van Kalifornië en die geboorte van hulle seuns, Christiaan en André. Lothar se eerste twee werksomgewings ná sy terugkeer was die Roodeplaat Navorsingsinstituut en die Onderstepoort Veeartsenykundige instituut van UP. Hier behaal hy 'n tweede doktorsgraad, 'n DSc. In 1968 word sy en Juliette se derde kind, Juliette Marié, gebore.

Op dié punt in die lewensverhaal kom die ingrypende skuif in 1970 (toe hy 35 was) na sy nuwe loopbaan as hoof van die polisie se forensiese laboratorium aan die bod. Dié gebeure word aangehaal uit 'n onderhoud met Lothar deur Sybelle Albrecht in *Pretoria News* van 18 November 1974:

> Until four years ago Lothar Neethling was just another city scientist sweating away a contract in the public service and playing the pretty, esoteric game of basic-science. But once you've heard more about him, about his origins and his life, you realise why he wasn't satisfied to be just another scientist ...



© Van Schaik Uitgewers

Die lewensverhaal wentel dan rondom Lothar en die forensiese laboratorium se besondere suksesse in die jare nadat Lothar hoof geword het en talle van die sake word in die biografie onder 'n opskrif "speurder-speurder" verder toegelig. Die forensiese span se bevindings en Lothar se getuienis daaromtrent word in geregshowe deur die land aanvaar en die afdeling kry ook internasionaal erkenning. In 1988 word die nuwe gebou, waar al die werk soos Lothar voorgestel het onder een dak gedoen kan word, ingewy en die LP Neethling-gebou genoem.

Die "polisieverhaal" word soms onderbreek met verwysings na gebeure soos die geboorte van Lothar en Juliette se jongste kind, Nicolette, in 1972 en die dood van Chris Neethling in 1982. In die "moeilike tagtigerjare" is Lothar onder meer op die toneel van die Volkskas-beleg in Silverton en is hy 'n sleutelpersoon in die oplossing van vrae rondom een van die ergste terreurdade in dié jare, die Kerkstraatbom. Daar is redelik volledig van laasgenoemde gebeure verslag gedoen om die konteks waarbinne die polisie moes funksioneer duidelik te belig.

Die volgende gebeurtenis in die chrologie is die hartomleidingsoperasie wat Lothar aan die einde van 1988 moet ondergaan en die komplikasies daarná wat hom amper sy lewe kos. Hy herstel en keer terug werk toe, maar een jaar later, op 17 November 1989, word hy pertinent genoem as bron vir gif en dwelmmiddels (*knock-out drops*) om ANC-aktiviste te bedwelm of te vermoor. Dié aantygings is gemaak deur oudkaptein Coetzee,'n uitgetrede polisieman. Coetzee se bewerings verskyn in *Vrye Weekblad* onder die opskrif "Bloedspoor van die SAP". 'n Berig met min of meer dieselfde strekking verskyn ook daarna in die *Weekly Mail* van 24 November 1989. Max du Preez, die redakteur van die blad, en artikelskrywer Jacques Pauw weier om verskoning te vra of 'n regstelling te publiseer, en dit lei tot 'n lastereis deur Lothar en 'n lang uitgerekte lastersaak wat eers in 1993 in die appèlhof in Bloemfontein in Lothar se guns beslis word.

Die res van die verhaal vertel onder meer van Lothar se aftrede uit die polisiediens in 1992, Niekie Neethling se dood in 1994, 'n diagnose van prostaatkanker in 1996, Lothar se getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie in Junie 1998 en sy verswakkende gesondheid tot met sy sterfdag, 11 Julie 2005.

**Die strewe na balans en afstand**

Vir die skrywer/suster was die eis van afstand en balans veral van belang toe daar verslag gedoen moes word van die aantygings in die koerante, die verloop van die hofgebeure en regter Kriegler se uitspraak wat daarop neergekom het dat hy Coetzee se aantygings as juis aanvaar het.

Die enigste werkbare oplossing was om die verslag van die aantygings en elke dag se hofverslag, wat groot aandag in die media geniet het, feitlik woordeliks weer te gee sonder eie kommentaar of interpretasie. Sodoende word die finale


© Van Schaik Uitgewers

oordeel aan die leser van die lewensverhaal oorgelaat. Ook wanneer vertel word van die uitspraak van die appèlregters wat bepaal het dat Lothar geregtig is op vergoeding omdat die lasterlike aantygings nie genoegsaam getoets is en bewys kon word nie, word dit gestel dat hy nie noodwendig deur dié uitspraak onskuldig bewys is nie: dit was volgens die regters nie moontlik om met sekerheid te sê of hy of Coetzee leuens vertel het nie. Daar word wel na Juliette se woorde verwys, wat daarop neerkom dat sy deurentyd in Lothar se onskuld kon bly glo omdat hy vir haar gesê het dat hy elke aand rustig slaap in die wete dat hy nooit vir enigiemand gif gegee het nie. Die skrywer kwalifiseer egter dié woorde van Lothar se vrou soos volg:

> Mens sou wel kon vra wat Lothar presies bedoel het. Hy was beslis daaromtrent dat hy nooit persoonlik vir enigiemand gif toegedien het nie. Maar die vraag of hy in opdrag gif kon voorsien het, bly dan onbeantwoord. Al antwoord wat wel by die mense ná aan hom opkom, is dat hy groot respek vir lewe gehad het en 'n baie sterk beskermingsdrang. Wat ook opgeval het by die lees van die hofsake se dekking is dat Lothar op geen stadium enigeen van sy kollegas of seniors selfs by implikasie geïnkrimimeer het nie.

Insig in die posisie van die polisie op daardie stadium is verkry deur onder meer 'n persoonlike gesprek met die toenmalige Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok. 'n Versoek om kommentaar is per e-pos gerig aan Pik Botha, jare lange Minister van Buitelandse Sake, saam met wie Lothar op die toneel van die Samora Machel-lugramp was. Hulle interaksie by die toneel word onder meer duidelik uit die biografie van Theresa Papenfus, *Pik Botha en sy tyd,* en word verder in die Lothar-verhaal beskryf. Daar is spesifiek in die e-posbrief aan mnr. Botha gesê dat sy eerlike siening oor Lothar gevra word en dat die skrywer geen "lofsang" verlang nie. Ongelukkig het Botha laat weet dat hy te min van Lothar se lewe en werk weet om kommentaar te kan lewer. Sy antwoord is só in die lewensverhaal ingesluit.

Onderhoude is ook gevoer met twee oudkollegas van Lothar, brigadiers Hennie Heymans en Arnoldus Mentz. Laasgenoemde was vir veertien jaar Lothar se stafoffisier en het dus baie nou saam met hom gewerk. Mentz het onder meer vertel dat hy eenmaal in Lothar se kantoor ingeloop en vir hom gesê het dat hy "moeg is vir Lothar se nonsens". Dié uitspraak is in die biografie aangehaal. Heymans het op sy beurt klem gelê op die moeilike omstandighede in die tagtigerjare en die innerlike stryd wat 'n polisieman voer tussen sy plig en sy gewete. Dié kommentaar is eweneens ingesluit al het die moontlikheid bestaan dat dit geïnterpreteer sou kon word as dat Heymans Lothar in der waarheid skuldig verklaar.

Objektiwiteit is veral nagestreef deur met Max du Preez te kommunikeer oor sy interaksie met Lothar. Du Preez het in antwoord op 'n versoek per e-pos om


© Van Schaik Uitgewers

kommentaar verwys na sy boek, *Dwars—mymeringe van 'n gebleikte Afrikaan*. Hy het in sy e-posbrief toestemming verleen om daaruit aan te haal In die lewensverhaal word dus vertel van Du Preez se verslag oor die gebeure en sy siening van Lothar (272–88). Hy skryf oor Coetzee se onthullings en hoe *Vrye Weekblad* se prokureurs hom aangeraai het om Lothar se naam uit die berig te haal aangesien dit die ergste naamskending denkbaar is. Voorts skryf hy hy was ordentlik genoeg om een feit nie te publiseer nie, naamlik dat Neethling 'n Duitse weeskind was en deur die destydse "voorsitter" van die Duitse Kinderfonds, dr. J.C. Neethling, aangeneem is,'n "Nazi-wesie", soos sommige hulle genoem het. Hy beskryf Lothar voorts as " 'n ydel, arrogante, bombastiese man".

In dié geval was daar wel enkele regstellings deur die skrywer van die lewensverhaal:

> Enkele opmerkings hieroor: Chris Neethling was, eerstens, op geen stadium voorsitter van die fonds nie, net vir een kort tydperk ondervoorsitter. Tweedens was daar reeds voor 1989 gereelde beriggewing oor Lothar en sy rol as hoof van die forensiese laboratorium en in berigte en profielonderhoude is herhaaldelik na sy Duitse herkoms verwys. Dit was geredelik bekend en Lothar het self nooit enige geheim daarvan gemaak nie. Laastens is dit onduidelik waarom die vlugtelingkinders uit Oos-Pruise as Nazi-wesies gebrandmerk word: Oorlewing was hulle enigste stryd en van die Nasionaal-Sosialisme het hulle niks begryp nie.

**Laastens: die persoonlike blik en die eindoordeel**

Een van die gestelde oogmerke van die skrywer van die lewensverhaal was om 'n genuanseerde Lothar Neethling uit die verf te haal. Vir dié doel was dit soos genoem nodig om persoonlike getuienis oor die mens Lothar in te win. Gesprekke is gevoer met sy suster Lucille, sy eggenote, Juliette, sy vier kinders en sy skoondogter, Ilze. Etlike lewenslange vriende van Lothar is ook genader vir gesprekke met die skrywer óf om deur e-poskommunikasie van hulle interaksie met hom te vertel.

Onder meer skryf Koos Smit, wat sedert skooldae aan die Afrikaanse Hoër Seunskool tot aan die einde van Lothar se lewe 'n lojale vriend was, in die slotparagraaf van sy e-posbrief: "Ek wil afsluit deur Lothar as 'n formidabele vriend en mens te beskryf. Hy was 'n interessante karakter en dit was 'n voorreg om hom lief te hê vir wat hy was—'n getroue vriend wat deur dik en dun saam met jou in die lig sou wandel."

Dit moet egter beklemtoon word dat ook die familie- en vriendekommentaar nie deurgaans ongekwalifiseerd positief was nie en dat in dié geval ook gepoog is om eerlik daarvan verslag te doen. So byvoorbeeld was twee van die kinders, Christiaan en Nicolette, van mening dat hulle nooit werklik 'n intieme verhouding



© Van Schaik Uitgewers

met Lothar kon bou nie omdat hy in hulle opgroei- of tienderjare onderskeidelik té besig was met sy polisiewerk en -verpligtinge. Ook sy vrou, Juliette, het naas haar liefde en bewondering vir haar man gesê dat dit nie altyd 'n maklike huwelik was nie en dat Lothar dikwels "dwars" kon wees.

Onder een subopskrif, "My broer Lothar", gee ek my eie siening as suster en nie as biograaf nie. In dié geval het ek vry gevoel om wel my persoonlike waardering en liefde vir Lothar te laat blyk.

Die vraag na Lothar se skuld of onskuld ten opsigte van die aantygings in *Vrye Weekblad* kon ek as biograaf nie finaal beantwoord nie. Ten slotte is Lothar self aan die woord gestel by wyse van 'n aanhaling wat hy voor in 'n aftreegeskenk vir sy stafoffisier geskryf het.

> Tydens die gesprek met sy stafoffisier en vriend, brigadier Arnoldus Mentz, het Arnoldus vir my die boek gewys wat Lothar in 1992 vir hom as aftreegeskenk gegee het: *The Birth of the Modern* deur Paul Johnson. Lothar het geweet van Arnoldus se belangstelling in die geskiedenis en sy voorliefde vir die werk van Johnson. Voor in die boek, op die linkerkantste bladsy, is 'n boodskap waarin Lothar verwys na die wel en wee wat hulle saam beleef het en hoeveel Arnoldus vir hom beteken het. Die eerste reël van 'n bekende Duitse lied vorm deel van die dankskrif: "Ich hat einen Kamerad." (Die tweede reël van dieselfde lied lui: "Einen besseren findst du nicht.") Lothar sluit sy dankwoord af met "Jou vriend" en sy haas onleesbare handtekening. Op die regterkantste bladsy haal hy aan uit die omvangryke gedig, "Festus" (1872), van die Engelse digter Philip James Bailey:
>
> We live in deeds, not years;
> in thoughts, not breaths;
> in feelings, not in figures on a dial.
> We should count time by heart-throbs; he lives most
> who thinks most, feels the noblest, acts the best.

**Geraadpleegde bronne**


*A Woman in Berlin*. New York: Harcourt Brace Jovanovich, 1954; Londen: Virago Press, 2011.

Botting, Douglas. *In the Ruins of the Reich*. Londen: George Allen & Unwin, 1985.

De Lange, Eike (samest.). *Die verhaal van die Dietse Kinderfonds/Die Geschichte des Dietse Kinderfonds*. Potchefstroom: Potchefstroomse Herald. Edms. Bpk, 1970.

Du Preez, Max. *Dwars—mymeringe van 'n gebleikte Afrikaan*. Kaapstad: Zebra Press, 2009.

Lee, Sidney. *Principles of Biography*. The Leslie Stephen Lecture. Cambridge: CUP, 1911; Folcroft: Folcroft Library Editions, 1971.

Papenfus, Theresa. *Pik Botha en sy tyd*. Pretoria: Litera Uitgewers, 2010.

Perry, Marvin. *Western Civilization: A Brief History*, 6de uitg.. Boston: Houghton Mifflin Company, 2008.

Steyn, J.C. *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal, Deel I*. Kaapstad: Tafelberg, 1998.

Totius. (ps. J.D. du Toit). *Ds. S.J. du Toit in weg en werk*. Paarl: Paarl Drukpers Maatschappij Beperkt, 1917.

Van der Merwe, Werner. *Vir 'n "blanke volk": Die verhaal van die Duitse weeskinders van 1948*. Johannesburg: Perskor, 1988.




© Van Schaik Uitgewers